# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

**Gelykheid**
Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.

**Menswaardigheid**
Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.

**Lewe**
Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.

**Gesin en familie**
Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

**Onderwys**
Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.

**Werk**
Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.

**Vryheid en sekuriteit**
Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.

**Eiendom**
Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.

**Religie, oortuiging en menings**
Respekteer die oortuigings en menings van ander.

**Veiligheid**
Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

**Burgerskap**
Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

**Vryheid van uitdrukking**
Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.

ISBN 978-1-4315-0060-4
9 781431 500604

Rainbow WORKBOOKS

Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:
- Graad R (in al die 11 amptelike tale);
- Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);
- Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 2 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0060-4
11th Edition
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 2 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0060-4

Hersien volgens die KABV



Graad 2

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4

Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.

# Die leesproses

## Pre-lees

- Vra jouself af wat jy reeds oor die onderwerp weet.
- Let op die outeur en die datum van publikasie.
- Lees die eerste en laaste paragraaf van elke afdeling.
- Probeer voorspel waaroor die teks sal handel.

## Lees

- Maak terwyl jy lees seker dat jy verstaan.
- Vergelyk jou voorspellings met wat jy lees.
- Indien jy die betekenis van onbekende woorde nie kan uitwerk nie, gebruik 'n woordeboek.
- Indien jy 'n afdeling nie verstaan nie, lees dit stadig weer deur. Lees dit hardop.

## Post-lees

- Probeer om spesifieke inligting te onthou.
- Maak 'n geheuekaart van sleutelgedagtes.
- Maak 'n opsomming om jou te help om die sleutelgedagtes te onthou.
- Gebruik idees uit tekste wat jy lees in jou eie skryfstukke.

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-4315-0060-4

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

# Graad 2

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal

## IN AFRIKAANS

Hierdie boek behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 2

# RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

Hierdie Werkboek moet tesame met u ander hulpbronne gebruik word, terwyl u deurlopend die volgende basiese begrippe van gedrukte media by leerders ontwikkel:

- Boekhantering: Die korrek wyse waarop die boek vasgehou moet word en daardeur geblaai moet word.
- Boekkonsep: Die voorblad, agterblad, titel en inhoudsopgawe.
- Rigting: Lees van voor na agter, van links na regs en van bo na onder.

## ONDERRIGWENKE

### LUISTER EN PRAAT

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 11.
Leerders moet weekliks aan stories, rympies, gedigte en liedjies blootgestel word.

### PRENTEBESPREKINGS

1. Begelei die leerders om:
   - voorwerpe in die prente volgens grootte, vorm, kleur en hoeveelheid te identifiseer en te bespreek
   - die prent te interpreteer deur vrae te vra: wie, wat, waar, wanneer, waarom, wat het vooraf gebeur, wat het later gebeur?
   - 'n klasstorie saam te stel (waarvan die lengte deur die leerders se ontwikkelingsvlakke bepaal sal word)
2. Laat die leerders die klasstorie aan 'n maat oorvertel.
3. Modelleer die skryf van die klasstorie (KABV Huistaal bl. 12, Gedeelde skryf). Maak die leerders deurgaans van die gebruik van hoofletters, spasiëring en leestekens bewus.
4. Laat die leerders die klasstorie dan saam met u lees.
5. Laat die leerders die betrokke week se klanke, woordeskat en/of taalstrukture in die klasstorie onderstreep/omkring.

### Lees

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 12 – 19, rakende die vyf hoofkomponente van leesonderrig.

### Skryf

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 19 – 20, rakende handskrif en die skryfproses.
*Let daagliks op die volgende:*

- die korrekte hantering van kryt of potlood
- rigtingbewustheid: skryf van links na regs en van bo na onder
- die gebruik van skrifstroke om korrekte lettervorming en rigting te demonstreer

### Hou die volgende in gedagte:

- Leerders se leervoorkeure verskil. Dit is belangrik dat leerders visueel, ouditief en kinesteties (ervaringsleer) gestimuleer moet word sodat effektiewe leer kan plaasvind.
- Leer vind deur middel van herhaling plaas.
- Leerders moet leer ervaar, dus moet aktiwiteite prakties geoefen word voordat dit skriftelik voltooi word, bv.:
  **Woordbou:** Laat leerders woorde met letterkaarte bou.
  **Begripsvrae:** Laat leerders die antwoorde eers mondelings in groepverband voltooi voordat hulle dit skriftelik voltooi. Die groepleier stel die vrae terwyl die groeplede die antwoorde soek en die vrae beantwoord.
  **Keuse van woorde om sinne te voltooi:** Voorsien onvoltooide sinstroke met woordkaarte aan die groepe. Laat die leerders die sinne voltooi deur die woordkaarte op die korrekte plekke te plaas.
  **Keuse van woorde wat by prentjies pas** (bl. 17): Vergroot die blad tot A3. Leerders pak in groepverband tellers op die korrekte antwoorde.
  **Voltooiing van sinne deur kolomme te verbind** (bl. 84): Leerders kies in groepverband die sinstroke wat by mekaar pas.
  **Skryf van 'n eie koerantberig** (bl. 128): Skryf eers 'n klaskoerantberig en dan 'n groepkoerantberig voordat die leerder sy/haar eie koerantberig skryf.
  **Woordeboeke:** Maak daagliks van woordeboeke gebruik. Leerders se vermoëns bepaal die moeilikheidsgraad van aktiwiteite. Dit mag soms nodig wees om 'n bladsyverwysing te voorsien.

**Nota:** Voorsien die groepleier tydens groepaktiwiteite van 'n antwoordstel sodat hy/sy die korrekte leiding aan groeplede kan gee.

Inhoud

# Tema 5: Wat ons in die vakansie gedoen het

Kwartaal 3: Week 1 - 4


**65 Ná die skoolvakansie** 2

Lees 'n verhalende teks.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met pr- en vr-.
Skryf sinne.
Skryf 'n paragraaf oor die vakansie.

**66 Die kalender** 4

Vul gebeure op die kalender in.
Beantwoord vrae op grond van die kalender.
Identifiseer die regte voornaamwoorde in sinne.
Pretaktiwiteit om besit bekend te stel.

**67 Bongi gaan na 'n verjaarsdagpartytjie** 6

Lees 'n verhalende teks.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met kr-, pr- en vr-.
Skryf sinne.

**68 Spesiale dae, spesiale boodskappe** 8

Plaas prente in die korrekte volgorde.
Skryf 'n sin oor elke prentjie.
Skryf 'n spesiale boodskap in 'n maat se boek.
Sorteer woorde in die korrekte raampies (woorde met st-, sl-, sw- en sk-).

**69 Jabu gaan dieretuin toe** 10

Lees 'n verhalende teks oor Jabu se besoek aan die dieretuin.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met tr- en dr-.
Skryf 'n paragraaf oor wat by die dieretuin gebeur het.

**70 Ons hou van diere** 12

Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankbokse (die ui- en y-klank).
Voorsien sinne van die regte leestekens.
Identifiseer antonieme.
Pretaktiwiteit: Kleur 'n prent volgens 'n kleurkode in.

**71 Jan gaan lughawe toe** 14

Lees 'n verhalende teks van Jan se besoek aan die lughawe.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met fr-, tr- en dr-.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf 'n paragraaf oor 'n spesiale reis.

**72 Jan sien 'n vliegtuig** 16

Klankleer: Woorde met -nd.
Voltooi samestellings.
Verbind woorde in die teenwoordige tyd met woorde in die verlede tyd.
Gebruik die alfabet om 'n prent te voltooi.

**73 Nomsa gaan saam met haar ma werk toe** 18

Lees 'n verhalende teks oor Nomsa en haar ma.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met tw- en sw-.

**74 Hoe laat is dit?** 20

Teken die wysers van horlosies om bepaalde tye te toon.
Skryf neer wat op bepaalde tye gedoen is.
Gee meervoude vir woorde in die enkelvoud.
Maak 'n plakkaat om iets te verkoop.

**75 Lebo gaan biblioteek toe** 22

Lees 'n verhalende teks oor Lebo se besoek aan die biblioteek.
Identifiseer die korrekte woorde om sinne op grond van die teks te voltooi.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met kw-, tw- en sw-).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf die name van maats se gunstelingboeke neer.

**76 Ons biblioteekboeke** 24

Teken 'n prentjie van 'n gunstelingboek.
Skryf twee sinne oor die boek.
Verbind woorde in die teenwoordige tyd met woorde in die verlede tyd.
Identifiseer die korrekte werkwoorde in die teenwoordige of verlede tyd om sinne te voltooi.
Voorspel volgens boekomslae waaroor die boeke handel.

**77 Thabo gaan sokker kyk** 26

Bespreking en voorspelling van waaroor die storie handel.
Lees 'n verhalende teks oor Thabo.
Skryf 'n byskrif vir elke prent.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met spr- en str-).
Skryf sinne oor gegewe woorde.

**78 Die sokkerwedstryd** 28

Woorde wat eners klink maar verskillend gespel word (y- en ei-woorde).
Identifiseer die korrekte woorde in die verlede tyd.
Speel 'n woordspeletjie.

**79 Die lelike eendjie** 30

Bespreek die prente van die verhaal van die lelike eendjie.
Lees die verhalende teks.

**80 Die lelike eendjie (vervolg)** 32

**80b Die lelike eendjie (vervolg)** 34




# 65 Ná die skoolvakansie

Ons lees

Ons is vandag terug skool toe, ná die vakansie.

Dit was lekker om ons maats weer te sien.

Juffrou het gevra ons moet haar van ons vakansie vertel.

Ons het ons vakansiefoto's vir juffrou gewys. Juffrou het die foto's in die klas omgestuur.





Jabu het dieretuin toe gegaan.



Lebo was by die biblioteek.



Thabo het Soccer City toe gegaan.



Jan was by die lughawe.



Bongi was by 'n verjaarsdagpartytjie.

Datum:

Nomsa het saam met haar ma werk toe gegaan.





Jim het dokter toe gegaan.

**Ons skryf** Vul elkeen van die kinders se name in.
Dui aan wat elkeen die vakansie gedoen het, of waarheen hy/sy gegaan het.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Naam | Bongi | | | |
| Plek/Doen | Verjaarsdagpartytjie | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Naam | | | |
| Plek/Doen | | | |

**Sigwoorde**

terug
gegaan
het

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.


| | | | |
|---|---|---|---|
| pruim | prys | vrou | vraag |
| praat | pruik | vrat | vrees |
| preek | proe | vrug | vries |



**Ons skryf** Skryf vier sinne oor wat jy in die skoolvakansie gedoen het.


ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 66 Die kalender



Ons doen Kyk na die dinge wat gebeur het. Vul hulle dan op die kalender in.

| | |
|---|---|
| Jabu verjaar op 25 Julie. | Jan moet op 18 Julie dokter toe gaan. |
| Anita verjaar op 3 Julie. | Bongi gaan op 21 Julie dieretuin toe. |
| Lebo moet haar biblioteekboeke op 5 Julie terugneem. | Anita gaan haar ouma op 28 Julie besoek. |
| Thabo gaan sokker kyk op 13 Julie. | Bongi gaan op 13 Julie by Anita kuier. |



**Julie**

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3<br>Anita se verjaarsdag | 4 |
| 8 | 9 | 10 | 11 |
| 15 | 16 | 17 | 18 |
| 22 | 23 | 24 | 25 |
| 29 | 30 | 31 | |





Ons skryf Beantwoord hierdie vrae oor die kalender.

| | |
|---|---|
| Vir watter maand is die kalender? | |
| Hoeveel dae is daar in hierdie maand? | |
| Op watter dag val 25 Julie? | |
| Hoeveel Sondae is daar in hierdie maand? | |
| Watter maand kom voor hierdie maand? | |

Datum:

## Ons skryf

Lees elke sin en omkring dan die woord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.

| Bongi speel graag met Santjie. | Jy | Hy | Sy |
|---|---|---|---|
| Jabu gaan graag dieretuin toe. | Jy | Hy | Sy |
| Lebo hou van boeke lees. | Jy | Hy | Sy |
| Jan het 'n vliegtuig gesien. | Jy | Hy | Sy |
| Lebo en Bongi is meisies. | Hulle | Hy | Sy |


Jy, hy, sy en hulle is almal voornaamwoorde. Ons gebruik voornaamwoorde in die plek van naamwoorde.



| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | Saterdag | Sondag |
| 5 | 6 | 7 |
| 12 | 13 | 14 |
| 19 | 20 | 21 |
| 26 | 27 | 28 |

## Vir die pret

Volg die toutjie om te sien wat hulle in die skoolvakansie gedoen het.



# 67 Bongi gaan na 'n verjaarsdagpartytjie



Ons lees



In die Julie-skoolvakansie het Bongi na Nana se verjaarsdagpartytjie toe gegaan.

Daar was baie seuns en meisies by die partytjie.

Nana het baie geskenke gekry omdat dit haar verjaarsdag was. Almal was vol pret en plesier.





Nana het 8 kersies doodgeblaas.
Ons het lekkers en koek geëet.

Voor ons huis toe gegaan het, het ons water gekook om tee te maak.



Ons het almal sokker in die tuin gespeel.
Ben het die bal stukkend gebyt!

Ben was sommer 'n lawwe hond.



Al die kinders het spesiale boodskappe in Nana se verjaarsdagboek geskryf.
Lees wat Bongi geskryf het.

Gelukkige 8ste
verjaarsdag, Nana.
Dankie dat jy my
na jou partytjie toe
genooi het.
Met liefde van Bongi

Datum:

**Ons skryf** Lees die storie weer en maak regmerkies (□) by die regte antwoorde.

| Wie het verjaar? | |
|---|---|
| A | Nana |
| B | Bongi |
| C | Jabu |

| Wanneer was die partytjie? | |
|---|---|
| A | In Mei |
| B | In Junie |
| C | In Julie |

| Hoeveel kersies het Nana doodgeblaas? | |
|---|---|
| A | 5 kersies |
| B | 6 kersies |
| C | 8 kersies |

| Wat het hulle gespeel? | |
|---|---|
| A | Netbal |
| B | Sokker |
| C | Rugby |

**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| krap | kriek | prop | vroeg |
| kraai | kraak | pret | vrag |
| kruis | kreun | prag | vriend |

**Sigwoorde**
kuier
begin
speel

**Ons skryf** Skryf hierdie sin oor.

Die kinders speel in die tuin.

# Spesiale dae, spesiale boodskappe



**Ons doen** Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.









**Ons skryf** Skryf nou 'n sin oor elke prentjie.

1

2

3

4

Datum:



Vir die pret

Bongi het vir Nana op haar verjaarsdag 'n spesiale boodskap geskryf. Laat 2 van jou maats vir jou 'n boodskap in jou boek skryf. Jy kan 'n spesiale boodskap in hulle boeke skryf.




Spesiale boodskappe van my maats.



Ons skryf

Sorteer hierdie woorde in die korrekte raampies.



swaai, skil, staal, skoen, stel, slag, skaal, swik, sleg, stuk, swem, slaag



# Jabu gaan dieretuin toe





Ons lees

Jabu vertel vir die klas van sy besoek aan die dieretuin. Lees wat hy sê.






Ons het met 'n taxi gery, want dit was koud. Daar was baie diere. Ons het sebras, leeus en bokke gesien.

Ek was bly, omdat ek 'n kameelperd met 'n baie lang nek, 'n groot ou olifant en 'n seekoei gesien het. Daar was ook 'n paar plaasdiere. Ek het met die kuikentjies gespeel.


Terwyl ek nog so vir die diere gekyk het, het 'n apie gekom en my bal gegryp. Toe het hy met die bal op 'n muur gaan sit.

Later het ek en my gesin piekniek gehou. Ons het op die groen gras onder 'n boom gesit.

Datum:

## Ons skryf

Lees die storie en beantwoord dan die vrae.



Saam met wie het Jabu dieretuin toe gegaan?

Hy het saam met

Hoe het hulle by die dieretuin gekom?

Hulle het met

Wat het hulle gesien?

Hulle het

Wat het die apie by Jabu gegryp?

Die apie het Jabu se

## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | |
|---|---|
| trein | traan |
| trek | treur |
| troon | trui |

| | |
|---|---|
| dra | dryf |
| druk | draf |
| draai | drag |

**Sigwoorde**

koud
aan
nou
agter





## Ons skryf

Skryf oor wat by die dieretuin gebeur het.
Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons hou van diere





**Ons doen** Kyk na die klanke in hierdie woorde. Kyk nou hoe ons hulle spel. Pak die woorde wat dieselfde gespel word in die regte boks.

buite | hy | sy | huis | vuil | lui | lys | huil

gryp | verby | byl | uil







**Ons skryf** Vul die regte leestekens in hierdie sinne in.

waarheen het jabu gegaan

hy het sondag dieretuin toe gegaan

wat het hy gesien

hy het leeus olifante en apies gesien



Datum:





## Ons skryf

Watter is teenoorgesteldes? Verbind die woorde in die groen kolom met die woorde in die blou kolom wat die teenoorgestelde beteken. In die voorbeeld het ons lank en kort verbind.
Dit beteken lank is die teenoorgestelde van kort.

**Antonieme** is woorde met teenoorgestelde betekenisse, bv. mooi – lelik.

| | | |
|---|---|---|
| lank | | klein |
| op | | kort |
| groot | | af |
| bly | | agter |
| voor | | koud |
| warm | | bo |
| onder | | hartseer |






## Vir die pret

Kleur die spasies met kolle donkerblou in om uit te vind watter dier dit is.
Kleur dan die lug blou in en die bome groen.





ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Jan gaan lughawe toe







Ons lees

Jan het saam met sy pa lughawe toe gegaan.
Hulle het vliegtuie gaan kyk.



'n Makrostraler het by hulle verbygevlieg.
Hy het 350 passasiers vervoer.

Jan het die groot vliegtuie dopgehou terwyl hulle opgestyg en geland het.

Op elkeen se stert was daar 'n vlag geverf.

Die vliegtuie wat teruggekom het, het op die landingstrook geland.

Jan wil 'n loods word wanneer hy groot is. Hy wil 'n makrostralerloods wees.


Datum:



**Ons lees** Lees die storie en beantwoord dan die vrae.

**Sigwoorde**
aand
alleen
alles


| |
|---|
| Saam met wie het Jan lughawe toe gegaan? |
| Hy het saam met |
| Wat het hulle gesien? |
| Hulle het |
| Hoeveel mense kan in 'n makrostraler pas? |
| Daar kan |
| Wat wil Jan word wanneer hy groot is? |
| Hy wil 'n |



**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| fraai | frats | trou | droom |
| fris | frokkie | tref | draf |
| frons | frommel | trap | drie |





**Ons skryf** Skryf iets oor 'n spesiale reis wat jy onderneem het.


# Jan sien 'n vliegtuig






**Ons doen** Skryf by elke prentjie 'n woord neer wat op -nd eindig en by die prentjie pas.

tand, mond, band, hond, kind, hand, sand, wind


mond















**Afleidings** is basiswoorde met 'n voorvoegsel of agtervoegsel bv. ge+koop



**Ons skryf** Voltooi hierdie afleidings.

| | |
|---|---|
| ge + gaan = | gegaan |
| ge + ry = | |
| ge + verf = | |
| ge + wag = | |
| ge + vlieg = | |
| ge + hou = | |

| | |
|---|---|
| ge + gryp = | |
| ge + sien = | |
| ge + werk = | |
| ge + speel = | |
| ge + land = | |
| ge + kyk = | |

Datum:

# Verlede tyd

Ons gebruik die verlede tyd as iets klaar gebeur het.

**Ons skryf** Verbind elke aksiewoord met sy regte verlede tyd.

was — gewas

gewerk

gerus

werk

spring

geland


gespring

land

rus

**Vir die pret**

Verbind die kolletjies en teken jou eie vliegtuig.



# 73 Nomsa gaan saam met haar ma werk toe

Ons lees



Tydens die vakansie kon niemand vir Nomsa oppas nie. Sy het saam met haar ma werk toe gegaan. Hulle het agtuur vertrek. Nomsa se ma verkoop vrugte en groente. Sy het haar ma gehelp.

Nomsa het 'n groot plakkaat gemaak.

Mense het die plakkaat gesien, en hulle het groente en vrugte kom koop.



Nomsa het die vrugte in rye gepak. Dit het baie netjies gelyk.

Nadat sy haar werk klaar gedoen het, het sy gerus. Sy het haar gunstelingboek, wat oor 'n seekoei handel, gelees.



Nomsa was baie bly toe hulle vyfuur in die taxi geklim het om huis toe te gaan.



Ons skryf

Lees die storie weer en maak regmerkies (✓) by die regte antwoorde.

| Watter werk doen Nomsa se ma? | |
|---|---|
| A | Sy verkoop vrugte. |
| B | Sy verkoop groente. |
| C | Sy verkoop vrugte en groente. |

| Waarom het Nomsa saam met haar ma werk toe gegaan? | |
|---|---|
| A | Daar was niemand wat haar kon oppas nie. |
| B | Sy wou haar ma help. |
| C | Sy het niks gehad om te doen nie. |


Datum:

| Hoe het Nomsa haar ma gehelp? | |
|---|---|
| A | Sy het die vrugte en groente gewas. |
| B | Sy het 'n plakkaat gemaak. |
| C | Sy het die vrugte en groente gepak en 'n plakkaat gemaak. |

| Wat het Nomsa gedoen nadat sy haar ma gehelp het? | |
|---|---|
| A | Sy het gelees. |
| B | Sy het geslaap. |
| C | Sy het gespeel. |

| Hoe laat het hulle huis toe gegaan? | |
|---|---|
| A | Drie-uur. |
| B | Vyfuur. |
| C | Sewe-uur. |

| Hoe het Nomsa en haar ma by die huis gekom? | |
|---|---|
| A | In 'n motor. |
| B | In 'n bus. |
| C | In 'n taxi. |



**Werk met woorde**

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| twee | twis | swaai | sweep |
| twaalf | twak | sweer | swaan |
| twintig | twyfel | swel | swem |

**Sigwoorde**
- altyd
- amper
- beste



**Ons skryf**

Skryf hierdie sin oor.







Sy het die appels gepak.

# Hoe laat is dit?

Kwartaal 3 – Week 3–4




**Ons doen** Teken die horlosie se wysers om te wys hoe laat dit is.

|  |  |  |  |
|---|---|---|---|
| 8-uur | 3-uur | 5-uur | 10-uur |




**Ons skryf** Skryf wat jy gister gedoen het toe dit so laat was.


















Datum:

# Meervoude

Wanneer ons van meer as een ding praat, voeg ons 'n -s of 'n -e agter aan die woord by. Meer as een meisie is twee meisies en meer as een ring is ringe. Die woord met die -s of -e noem ons die meervoud. Die woord wat nie 'n -s of -e aan het nie, noem ons die enkelvoud.



Ons skryf

Skryf die meervoud van hierdie woorde neer.



| trein | treine |
|---|---|
| trui | |
| pruim | |
| prys | |
| hond | |
| vrou | |








| kuiken | kuikens |
|---|---|
| sebra | |
| borsel | |
| korsie | |
| winkel | |
| ketel | |



Vir die pret

Maak 'n plakkaat om iets te verkoop. Teken 'n prentjie om te wys wat jy wil verkoop.



**TE KOOP**



Wat verkoop jy?

______________________

Hoeveel kos dit?

______________________

______________________

Waar kan ons dit koop?

______________________


______________________

______________________

______________________

Teken 'n prentjie van wat jy gaan verkoop.

# 75 Lebo gaan biblioteek toe



Ons lees

Lebo is saam met Anita biblioteek toe.

Anita het Lebo in haar rolstoel gestoot.

Hulle het na baie boeke gekyk.

Lebo het gehou van die boeke wat oor diere handel.



Anita het van die storieboeke gehou.

Die onderwyser in die biblioteek het vir hulle voorgelees.

Hulle mag die boeke 2 weke lank by die huis hou.

Wanneer hulle die boeke klaar gelees het, kan hulle die boeke hernu.

Daar is rakke vol wonderlike boeke in die biblioteek.

Datum:





Ons lees

Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

twee | onderwyser | storie | Anita

| |
|---|
| Anita het van die ________________ boeke gehou. |
| ________________ het Lebo in haar rolstoel gestoot. |
| Jy mag 'n biblioteekboek vir ________________ weke uitneem. |
| Die ________________ het vir hulle 'n storie gelees. |



Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

kwaad | twak | swoeg | kwaak | tweeling | kwyn

| kwaai | kwas | twee | swaar |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

sweet | kweek





Ons skryf

Vra 5 maats van watter boek hulle die meeste gehou het. Skryf elke maat se naam in die tabel, en dan die naam van sy of haar gunstelingboek. Vul dan jou naam in en die boek waarvan jy die meeste gehou het. Maak regmerkies by die boeke wat jy graag sou wil lees.

| Naam | Gunstelingboek | ☐ |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# Ons biblioteekboeke



Ons doen

Teken 'n prentjie van 'n boek waarvan jy gehou het.
Skryf dan 2 sinne oor die boek.

Wat was die naam van die boek?

Teken 'n prentjie van die boek se buiteblad.

Skryf 2 sinne om te sê waaroor die boek gehandel het.

Ons skryf

Verbind elke woord in die teenwoordige tyd met die regte woord in die verlede tyd.

sien gaan slaap gryp vlieg

gegaan gesien geslaap gevlieg gegryp

Die woord gesien vertel ons van iets wat in die verlede gebeur het.

Ons skryf

Omkring die regte werkwoord in elke sin.

Gisteraand het ons die maan gesien/sien.


Nou sien/gesien ek die son.


Gister het Ben vir Anna 'n bal bring/gebring om te gooi.

Elke aand gebring/bring Santjie se ma vir haar melk kamer toe.

Ons gaan/gegaan elke oggend skool toe.


Datum:






## Vir die pret


Vetel vir jou maat waaroor jy dink elke boek handel. Sê dan watter boeke jy graag sou wil lees. Nommer die boeke van 1 tot 4. Nommer 1 is vir die boek waarvan jy die meeste hou, en 4 is vir die boek waarvan jy die minste hou.














## Ons skryf


Kies een van die boeke en skryf vyf sinne waarin jy voorspel waaroor die boek handel.

ONDERWYSER: Teken Datum


# 77 Thabo gaan sokker kyk

**Ons praat** Kyk na die prente en sê vir mekaar waaroor die storie handel.

1




2



3



4



Datum:



**Sigwoorde**

besluit
betaal
beter

## Ons lees

Thabo is mal oor sokker. Hy het saam met Jabu en Sarel na 'n belangrike wedstryd gaan kyk. Chiefs en Sundowns het teen mekaar gespeel. Daar was duisende mense in die stadion.
Mense het hulle vuvuzelas geblaas.
Skielik het dit begin reën.
Hulle het met die trein huis toe gery.



## Ons skryf

Skryf nou 'n onderskrif vir elke prent op die oorkantse bladsy.

## Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

sproei, stram, strik, spreeu, spruit, struik, struikel, sproet

| str | spr |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |

## Ons skryf

Skryf een sin oor elk van die prente op die oorkantse bladsy

1 ____________________

2 ____________________

3 ____________________

4 ____________________

# Die sokkerwedstryd





**Ons skryf**

Hierdie klanke klink dieselfde maar ons spel hulle verskillend.
Kyk na elke klank en skryf dit dan in die regte boksie.

eier · wyn · steil · peins · wyer · fyn · grys · kwyl · weier · deining · styl · klein









**Ons skryf**

Omkring die regte woorde wat die storie van die sokkerwedstryd vertel.


| |
|---|
| Die kinders sal/het gister met die trein na die wedstryd toe ry/gery. |
| Ons kyk/het gekyk hoe Sundowns speel. |
| Die spelers het/sal die bal hard geskop/skop. |
| Tydens die wedstryd het/sal dit begin reën/gereën. |

Datum:



Vir die pret

Speel hierdie speletjie saam met jou maat. Kies die geel of die blou span. Kyk wie kan eerste 'n doel aanteken. Maak beurte om te lees. Elkeen lees net die woorde in die kleur van sy of haar span. As jy 'n fout maak, moet jy 'n beurt oorslaan. Die een wat eerste al die woorde gelees het, teken die doel aan. Speel die speletjie dan nog 'n keer, maar dan moet jy weer vir die ander span speel.




# Die lelike eendjie




Ons praat Kyk na die prentjies en gesels daaroor.

Ons lees




Eendag lank gelede het Moeder Eend met haar gesin op 'n plaas gewoon. Moeder Eend het op sewe eiers gesit. Sy het gewag dat hulle uitbroei.

Die eiers het een vir een oopgekraak.
Almal behalwe een. Dit was 'n baie groot eier.



Datum:




Moeder Eend het dae lank op die groot eier gesit. Uiteindelik het dit oopgekraak. En daar spring die laaste baba-eendjie uit. Hy lyk groot en sterk. Hy is 'n baie lelike eendjie.

Moeder Eend neem toe ewe trots al haar baba-eendjies na die dammetjie toe.




Al die eendjies spring in die water. Hulle swem en speel. Die lelike eendjie swem beter as al die ander eendjies.



# Die lelike eendjie (vervolg)





Hulle gaan toe weer terug plaas toe. Die ander diere is onbeskof met die lelike eendjie. Die henne pik hom en die honde blaf vir hom.

Een nag besluit die lelike eendjie om weg te loop.







Die lelike eendjie loop toe weg rivier toe. Daar sien hy pragtige groot voëls wat in die water swem. Hulle vere is so glad. Hulle het lang nekke. Hulle vlerke is baie mooi.

Datum:




Dit word toe winter. Orals lê daar sneeu op die grond. Die rivier verys. Die lelike eendjie kry koud, en hy is baie ongelukkig.

Uiteindelik kom die lente. Die son skyn weer en die bome word weer groen. Een oggend sien die lelike eendjie weer die pragtige swane.






Die eendjie is baie hartseer. Hy begin huil.

# 80b Die lelike eendjie (vervolg)




Terwyl hy huil, kyk hy af tussen sy trane deur. Hy sien sy weerkaatsing in die water. Hy is 'n pragtige swaan!

Net toe swem die swane verby. Hulle roep die lelike eendjie om saam met hulle te swem. Die lelike eendjie klim in die water, en hy voel weer baie gelukkig.



I n h o u d

# Tema 6: In die huis

Kwartaal 3: Week 5 - 10


**81 Teddie verloor sy hare** 36

Lees 'n verhalende teks oor Pam se teddiebeer.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woord in die regte klankkolomme (woorde met spr-, str- en skr-).
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf letters *A, a*.

**82 My spesiale speelding** 38

Doen 'n opname en stel 'n tabel van die bevindinge op.
Nommer prentjies in die regte volgorde.
Skryf 'n sin oor elke prent.
Identifiseer voornaamwoorde om in die plek van onderstreepte woorde te gebruik.

**83 Bongi maak middagete** 40

Gesels oor 'n prentjie.
Lees 'n resep.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die resep.
Klankleer: Woorde met be- en ge-.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf sinne oor gunstelingkossoorte.
Skryf letters *B, b*.

**84 Kos waarvan ek hou** 42

Teken 'n prentjie van iets wat hy of sy graag eet.
Verduidelik aan 'n maat hoe om dit voor te berei.
Bou sinne deur onderwerpe met voorwerpe te verbind.
Vul ontbrekende woorde in deur prente as leidrade te gebruik.
Omkring woorde in 'n blokkiesraaisel en verbind hulle met die regte prentjies.

**85 Veiligheid in die huis** 44

Lees 'n pamflet oor veiligheid tuis.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die teks.
Klankleer: Woorde met ver-, ge- en be-.
Skryf sinne oor hoe om tuis veilig te bly.
Skryf letters *C, c*.

**86 Huisreëls** 46

Teken 'n prentjie om te wys hoe om tuis veilig te bly.
Skryf 'n sin oor die prentjie.
Gebruik die korrekte leestekens.
Verbind woorde met hul sinonieme.
Voltooi vrae oor hom- of haarself en gebruik eiename.

**87 Die verlore selfoon** 46

Lees 'n verhalende teks oor 'n selfoon wat weggeraak het.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde (woorde met -nd, -ld, -rd en -rt).
Skryf oor iets wat hy of sy verloor het.
Skryf letters *D, d*.

**88 Op, af en in die rondte** 48

Gebruik voorsetsels om items wat weg is, op te spoor.
Voltooi woorde deur -d of -t by te voeg.
Lees aanwysings en voltooi 'n prentjie.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met spr-, skr-, str- en sn-).

**89 'n Kat moet versorg word** 50

Lees 'n advertensie.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die teks.
Klankleer: Sorteer woorde in die regte klankkolomme (woorde met -ang, -ing en -ong).
Skryf oor 'n troeteldier.
Skryf letters *E, e*.

**90 'n Troeteldier raak weg** 52

Vul klinkers in om woorde by die prentjies te laat pas.
Identifiseer vrae, uitroepe en stellings.
Skryf sinne met die korrekte leestekens oor.
Stel 'n kennisgewing op oor 'n troeteldier wat weggeraak het.

**91 Uitnodiging na 'n partytjie** 54

Lees 'n uitnodiging.
Beantwoord vrae op grond van die uitnodiging.
Klankleer: Woorde met -nk.
Skryf sinne met gegewe woorde.
Skryf sinne oor sy of haar verjaarsdag.
Skryf letters *F, f*.

**92 Kom na my partytjie toe** 58

Vul 'n uitnodiging na eie partytjie in.
Skryf sinne in die verlede tyd oor.
Identifiseer die eiename en die werkwoorde in sinne.
Voltooi 'n tabel met behulp van inligting uit 'n prentjie.

**93 Vyf kuikentjies** 60

Lees 'n gedig oor vyf kuikentjies.
Klankleer: Woorde met ê en ë.
Skryf sinne met gegewe woorde.

**94 'n Rolspel oor die kuikentjies** 62

Doen 'n rolspel oor die gedig.
Identifiseer die korrekte verlede tyd.
Vorm samestellings.
Sorteer woorde volgens klanke.

**95 Die seekoei en die skilpad** 64

Uitknip-storieboek.

**96 Meer oor die seekoei en die skilpad** 65

Lees 'n verhalende teks.
Bespreek die teks met 'n maat.




# Teddie verloor sy hare





Ons lees

Pam het 'n baie spesiale teddiebeer. Sy slaap graag saam met haar teddie. Haar klein boetie Johan hou ook daarvan om met die teddie te speel.





Eendag toe Pam ná skool by die huis kom, sien sy dat haar teddie snye op sy kop en op sy maag het. Haar bababoetie het die beertjie se hare gesny.




Pam is woedend vir haar kleinboet.

Mamma sit toe vir die beertjie 'n rooi hoed op en trek vir hom 'n blou baadjie aan.



Datum:



Ons skryf — Lees die storie en beantwoord die vrae.

**Sigwoorde**
- bietjie
- binne
- blou

Wat was Pam se spesiale speelding?

_______________________

Wie het die beertjie se hare gesny?


_______________________

Hoe het Pam gevoel toe sy die beertjie sien?

_______________________

Wat het Pam se ma vir die beertjie aangetrek?


_______________________



Werk met woorde — Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

skrif   spraak   skroei   stroom   skrik   streep   skryf   spring

| skraal | skreeu | spruit | straf |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |




Skryf 2 sinne oor 'n spesiale speelding waarvan jy hou. Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf. — Ons skryf

_______________________

_______________________

_______________________






Skryf die letters oor. — Ons skryf

a a

A A

# My spesiale speelding





Ons doen

Vind uit watter spesiale speelgoed jou maats het. Skryf hul name in die boonste ry, en skryf die name van hul spesiale speelgoed in die onderste ry.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Naam | Pam | | | |
| Speelding | beertjie | | | |



Ons skryf

Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.










Skryf nou een sin oor elke prentjie.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |


Datum:



## Ons skryf

Lees elke sin en omkring dan die voornaamwoord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Pam hou daarvan om met haar teddie te speel. | Jy | Hy | Sy |
| Pam se ma het die beertjie reggemaak. | Jy | Hy | Sy |
| Pam se kleinboet het die beertjie gesny. | Jy | Hy | Sy |
| Die beertjie het weer goed gelyk. | Jy | Hy | Sy |
| Pam en haar ma is meisies. | Jy | Hulle | Sy |



## Vir die pret

Volg die toutjies om te sien watter spesiale speelgoed hulle het.





# Bongi maak middagete





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons lees

Bongi sal vandag ná skool vir haar maats middagete maak.





## Die tower-toebroodjie





### Bestanddele

| | |
|---|---|
| 1 eetlepel kondensmelk | grondboontjiebotter |
| 1 piesang | 2 snye brood |

### Metode

1. Smeer grondboontjiebotter op een sny brood.
2. Sny die piesang in skyfies en sit dit bo-op die grondboontjiebotter.
3. Smeer kondensmelk op die ander sny brood.
4. Maak 'n toebroodjie met die twee snye brood.
5. Sny dit in kwarte.

Eet en geniet dit.



Datum:




Ons skryf — Maak regmerkies (✓) by die regte antwoorde.

| Hoeveel snye brood het jy nodig? | |
|---|---|
| A | Een |
| B | Twee |
| C | Drie |

| Wat het jy nog nodig? | |
|---|---|
| A | Grondboontjiebotter |
| B | Kaas |
| C | Melk |

| In hoeveel stukke is jou toebroodjie nadat jy dit gesny het? | |
|---|---|
| A | Twee |
| B | Drie |
| C | Vier |

| Watter vrugte het jy nodig? | |
|---|---|
| A | Appel |
| B | Pynappel |
| C | Piesang |




Werk met woorde — Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bestuur | beweeg | gery | gesê |
| bekruip | beroof | geweet | gehad |
| besluit | benoud | gebring | gebeur |

**Sigwoorde**


- breek
- bring
- daarop

Skryf 2 sinne oor wat jy graag eet. — Ons skryf





Skryf die letters oor. — Ons skryf



b b

B B

# Kos waarvan ek hou



**Ons doen**

Teken 'n prentjie van iets wat jy kan maak om te eet. Vertel vir jou maat hoe om dit te maak.

| |
|---|
| Eers . . . ek |
| Dan . . . ek |
| Laastens . . . ek |

Ons gebruik **voegwoorde** soos **want** om sinne te verbind.

**Ons skryf**

Bou vier sinne. Verbind die deel in die blou blok met die regte deel in die groen blok.

| | |
|---|---|
| Pam was kwaad, | want dit was my verjaarsdag. |
| Ek het 'n toebroodjie geëet, | want haar boetie het die teddie verniel. |
| Ek het my sambreel gevat, | want ek was honger. |
| Ek het my kersies doodgeblaas, | want dit het gereën. |

**Ons skryf**

Vul die ontbrekende woorde in om die sinne te voltooi.

vis | appels | lekkers | brood | tee | melk


Ek hou daarvan om  ________________ te drink.

Sy hou daarvan om  ________________ te eet.


Datum:

Ons hou van  ______________________________ .


Hy hou daarvan om  ______________________________ te eet.

Hulle hou daarvan om  ______________________________ te eet.


Hy hou daarvan om  ______________________________ te drink.



**Vir die pret** Soek en omkring die eet - en drinkgoed in die tabel. Verbind elke woord dan met die regte prentjie. Party woorde lê dwars en party loop van bo na onder.



| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | r | o | o | d | y | k | a | a | s |
| p | b | q | r | s | t | u | v | p | q |
| e | e | k | b | e | e | t | w | p | u |
| i | r | j | r | q | v | i | s | e | h |
| e | l | e | k | k | e | r | s | l | t |
| r | g | h | a | x | v | h | y | s | z |
| s | h | l | v | l | e | i | s | p | x |
| t | e | e | x | r | z | m | e | l | k |



















ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 85 Veiligheid in die huis

Ons lees

## WEES VEILIG TUIS


Stoot kastrolle agtertoe op die stoof.


Moenie met die ketel se koord speel nie.


Moenie met medisyne speel nie.


Moenie met blikkies of skerp voorwerpe speel nie.


Moenie met elektriese muurproppe speel nie.


Moenie met paraffien speel nie.

Ons skryf

Lees die pamflet weer en beantwoord dan die vrae.



Skryf een ding neer wat Mamma Beer sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

______________________________

______________________________

Skryf een ding neer wat die kangaroe sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

______________________________

______________________________





Datum:



Skryf een ding neer wat die haas sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.

Skryf een ding neer wat die olifant sê ons moet doen om by die huis veilig te bly.






**Werk met woorde**

Lees die woorde en luister na die klanke.
Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| vergeet | verhaal | bedank | geëet |
| vertel | verhoog | bederf | gedink |
| verkeerd | vervelig | bedoel | gedoen |

**Sigwoorde**

dankie
ding
dink




**Ons skryf**

Skryf 5 sinne oor wat jy doen om by die huis veilig te bly.



Skryf die letters oor.



**Ons skryf**


c

b

ONDERWYSER: Teken Datum

# Huisreëls






### Ons doen

Teken 'n prentjie om te wys wat jy moet doen om by die huis veilig te bly. Skryf dan 'n sin oor jou prentjie.





### Ons skryf

Skryf die sinne oor en vul die regte leestekens in. Gebruik 'n hoofletter aan die begin van die sin en 'n punt of 'n vraagteken aan die einde. Onthou om 'n hoofletter te gebruik wanneer jy die name van mense, maande, dae of plekke neerskryf.


jan en anita het saterdag by thabo se huis gaan speel

hou jy van roomys

bongi en nomsa het in julie durban toe gegaan

ek hou van die plakkaat oor veiligheid

Datum:




Ons skryf


Verbind die woorde in die groen kolom met die woorde in die blou kolom wat dieselfde beteken.

’n **Sinoniem** is ’n woord wat dieselfde betekenis as ’n ander woord het.





| | |
|---|---|
| korrek | klein |
| kort | reg |
| ’n klomp | yslik |
| wegraak | pragtig |
| praat | baie |
| groot | verdwyn |
| mooi | gesels |



Vir die pret

Voltooi hierdie sinne oor jou en oor die dinge waarvan jy hou. Al die antwoorde is name en moet dus met ’n hoofletter begin.

My naam is

My beste maat se naam is

Ek is in ______ (dorp) gebore.

Ek verjaar op

My gunstelingdag van die week

My onderwyser se naam is

My gunstelingboek se naam is

My gunstelingprogram op TV is


ONDERWYSER: Teken Datum

# Die verlore selfoon



Ons lees

Bongi se pa het sy selfoon verloor.
Hy skree toe: "Weet julle waar my selfoon is?"
Ons het onder die bed gekyk.
Bo-op die rak.
Agter die skryftafel.
In Pa se broeksak.
Buitekant die huis.
In die huis.
Langs die tafel.
Bokant die TV.
En toe – tingeling, tingeling.
Toe kry ons die selfoon in die yskas!




Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Wat het die pa verloor? |
| Het hy |
| Skryf 2 plekke neer waar hulle die selfoon gesoek het. |
| Hulle het |

Datum:

| Waar kry hulle toe die selfoon? |
|---|
| Hulle het |
| Het jy al ooit iets verloor? Wat was dit? |
| |



## Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

rand held word tart

veld boord kind kwart

| hand | geld | hard | hart |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

**Sigwoorde**

dood
dra
draai
eers




## Ons skryf

Skryf wat gebeur het toe jy iets verloor het. Wat was dit? Het jy dit weer opgespoor? Waar het jy dit opgespoor?



Skryf die letters oor.



## Ons skryf


*d* *d*

*D* *D*

ONDERWYSER: Teken Datum

# Op, af en in die rondte






## Ons doen




Steek iets in die klas weg. Jou maat moet dit soek. Hy of sy moet sê:
"Ek kyk agter die … of onder die … of langs die … ".



## Ons skryf

Sê die woord vir elke prentjie. Voltooi dan die woord deur t of d by te voeg.

t d

| | | |
|---|---|---|
|  straat |  han __ |  ten __ |
|  tan __ |  ka __ |  naal __ |
|  be __ |  boo __ |  hu __ |

Datum:




Vir die pret Lees hierdie aanwysings en voltooi dan die prentjie.

| | |
|---|---|
| Teken die son en 'n vliegtuig hoog in die lug. | Teken 'n slak voor die blomme. |
| Teken 'n voël in die boom. | Teken 'n skilpad langs die blomme. |
| Teken blomme onder die boom. | Teken 'n skoenlapper bokant die skilpad. |



Ons skryf Sorteer hierdie woorde in die regte geskenkpakkies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| snik | spreeu | skryf | straat |
| sprong | skrop | spruit | snaaks |
| snak | straf | skrik | streef |



# 'n Kat moet versorg word





Ons lees

## Hou jy van katte?

Ons het 'n wollerige, springerige, pragtige klein katjie wat 'n blyplek nodig het.



Sy het 'n lang stert en strepe.

Sy hou van melk en vis.

Haar naam is Wollie.

As jy wil help deur vir haar liefde en versorging te gee, bel Gugu by die DBV, 012 012 0120.







Ons skryf

Lees die advertensie en maak regmerkies (□) by die regte antwoorde.

| Watter soort troeteldier het 'n huis nodig? | |
|---|---|
| A | Hond |
| B | Kat |
| C | Perd |

| Vir wie moet jy bel as jy die kat wil hê? | |
|---|---|
| A | Gugu |
| B | Die troeteldierwinkel |
| C | Die boer |

Datum:

| Wat is die kat se naam? | |
|---|---|
| A | Wollie |
| B | Kietsie |
| C | Ben |

| Wat eet sy graag? | |
|---|---|
| A | Melk |
| B | Kaas |
| C | Melk en vis |

| Wat drink sy graag? | |
|---|---|
| A | Melk |
| B | Sap |
| C | Tee |

| Hoe gedra die kat haar? | |
|---|---|
| A | Sy is altyd slaperig. |
| B | Sy spring graag. |
| C | Sy baklei graag. |



**Werk met woorde**


Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde dan en luister na die klanke. Skryf nou jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

gang spring jong slang

klong ding


**Sigwoorde**
- eerste
- elkeen
- gebeur


| vang | ring | tong |
|---|---|---|
| | | |
| | | |



**Ons skryf**


Skryf oor jou troeteldier. Jy kan ook in jou klaswerkboek skryf.







Skryf die letters oor.

**Ons skryf**









# 'n Troeteldier raak weg





**Ons doen** Voeg 'n klinker, a, e, i, o of u, by elkeen van hierdie woorde om hulle by die prentjies te laat pas.

a e i o u


| | | |
|---|---|---|
| blok |   | h___rk |
| b___nd | | fi___ts |
| t___s | | h___k |
| vl___eër | | k___rse |



**Ons skryf** Sê of hierdie sinne vrae, uitroepe of stellings is, en vul dan 'n ?, 'n ! of 'n punt in.

| | |
|---|---|
| Wat is jou naam? | Vraag |
| Hou op | |
| Vandag se datum is 25 Julie | |
| Maak gou | |
| Waar woon jy | |
| Wanneer verjaar jy | |
| Ek hou van die somer | |
| Hou jy van katte | |

Datum:



Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor en voeg die regte leestekens in.




hou jy van katte

my kat se naam is wollie

jannie en sarel hou daarvan om hulle honde te was

my verjaardag is in september



Vir die pret

Stel 'n kennisgewing op oor 'n troeteldier wat weg is.
Vul die oop spasies in en voltooi die kennisgewing.
Teken dan 'n prentjie om te wys hoe die troeteldier lyk.





# HELP TROETELDIER VERMIS

Vul in watter soort troeteldier dit is.



Het jy my ______ gesien?

My troeteldier se naam is

As jy my troeteldier kry, skakel asseblief vir

(Vul jou naam in)

by

(Vul jou foonnommer in)

So lyk my troeteldier:
(Teken 'n prentjie van jou troeteldier.)

# Uitnodiging na 'n partytjie



Ons lees



Kom na my partytjie toe!

Ek word 8.

My partytjie vind plaas op 10 September 2015.
Dit begin om 3-uur en eindig om 6-uur.
My adres is:
Tambostraat 27
Voëltjiesdorp
Kaapstad

Laat weet my asseblief of jy kan kom.
My telefoonnommer is 021 021 0210.

Van Thabo

Ons skryf Lees die uitnodiging weer en beantwoord dan die vrae.

| | |
|---|---|
| Wie gaan 'n partytjie hou? | |
| Hoe oud sal hy wees? | |
| Hoe laat gaan die partytjie begin? | |
| Hoe laat gaan die partytjie eindig? | |
| Wat is die datum van die partytjie? | |
| Wat is Thabo se straatnaam en -nommer? | |
| | |

Datum:

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf dan jou eie twee sinne in jou klaswerkboek.

| | | |
|---|---|---|
| lank | tronk | dank |
| drink | blink | stink |
| dink | bank | mank |

Sigwoorde

gegee
gister
goeie

Ons skryf

Skryf 3 sinne oor jou verjaarsdag.

Ons skryf

Skryf die sin oor.

Kom na my partytjie toe!

Skryf die letters oor.


Ons skryf

f f

J J

# Kom na my partytjie toe





Ons doen

Vul hierdie uitnodiging vir jou eie partytjie in.





## Kom na my partytjie toe!

My partytjie word gehou op ____________.

Dit begin om ____________ uur en eindig om ____________ uur.

My adres is:



____________________ straat

Straatnommer ____________________

Plek ____________________

Laat weet asseblief of jy kan kom.

My telefoonnommer is ____________.

Van ____________________



Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor deur elkeen te begin met "Gister".




| |
|---|
| Vandag is my verjaardag. |
| Gister |
| Dit reën vandag. |
| Gister het |
| Vandag is dit sonnig. |
| Gister was |

Datum:



Ons skryf


Onderstreep in elke sin die naam van die persoon en omkring dan die aksiewoord wat sê wat die persoon doen.







| | |
|---|---|
